

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 1

27 JANUARIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Om alles in plek te probeer kry vir die aangepaste jaar het die skool se leierspan die afgelope week vergader. Die departement maak dit nie vir ons maklik nie, want hulle verander daagliks wat moet gebeur. Ons kan byvoorbeeld nie vir u die nuwe kwartaaldatums verskaf nie, want daar is nog net besprekingsdokumente beskikbaar en die amptelike een is nog nie in 'n staatskoerant gepubliseer nie. Ons gaan egter ons bes probeer om alles in plek te kry voor die leerlinge terugkeer skooltoe 15 Februarie 2021.

NUWE ONDERWYSERS
Ons wil al die nuwe onderwysers asook onderwys-assistente by die skool verwelkom. Ons hoop dat julle werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

Gr. 5V: Juf. Lieshe du Preez (waarnemend/tydelik)
Gr. 7O: Juf. Munique Oosthuizen

Onderwys-assistente:
Me. Daniella Nieuwenhuis
Me. Wiandra Botha

SKOOLBYWONING:
Ons verstaan die bekommernis van ons ouers ten opsigte van die terugkeer van hul kinders na die skool. Die gesondheid en veiligheid van al ons leerders is uiters belangrik, veral tydens die COVID-19-pandemie. Ons het elke moontlike voorsorgmaatreël getref om die veiligheid van al ons leerders en onderwysers te verseker.

Net die volgende in verband met skoolbywoning:

- Die Minister van Onderwys het datums aangekondig wanneer die leerlinge na hul onderskeie skole moet terugkeer. Die leerlinge moet sover moontlik skool bywoon, indien hulle gesond is. **(Ons opsie 1)**

- Ouers wat die skool ingelig het rakende leerlinge met risikofaktore of komorbiditeite en bewyse daarvoor het, het die reg om tuis te bly en afstandsonderrig te ontvang. **(Ons opsie 2)**
- Leerlinge wat as gevolg van normale ongesteldhede tuis bly, is ook geregtig om dit te doen. Ouers moet nog steeds die skool inlig dat die leerling afwesig is as gevolg van ‘n ongesteldheid.
- Leerlinge wat as gevolg van ‘n siektetoestand deur ‘n mediese praktisyn of dokter ongeskik vir skoolbywoning verklaar word, het ook die reg om tuis te bly en afstandsonderrig te ontvang. Ouers moet die skool verwittig en die mediese sertifikaat voorsien.
- **Verlede jaar se opsie 3 is nie deel van van die departementele voorskrifte nie, daarom kan ons dit nie die jaar toestaan nie.**

KOMORBIDITEITE EN RISIKOFAKTORE

Ons besef dat daar onderwysers en leerders kan wees wat meer vatbaar is vir infeksie as ander. Dit is dus baie belangrik dat u die skool in kennis moet stel van enige risikofaktor of komorbiditeit (onderliggende gesondheidstoestande) wat u kind onder lede mag hê, wat nadelig vir sy/haar gesondheid kan wees wanneer hy/sy terugkeer skool toe.

Die ouers wat hiervoor wil aansoek doen, moet so spoedig moontlik vir 2021 vorms voltooi. Die vorms sal op D6 beskikbaar wees. U kan die onderstaande tabel, soos voorsien deur die Departement van Gesondheid, as riglyn gebruik. As u voel dat die gesondheidstoestand van u kind, hoewel dit nie in die tabel genoem word nie, vir u 'n groot bekommernis is, moet u die skool ook daarvan in kennis stel. Hierdie risikofaktore of komorbiditeite moet deur 'n geneesheer of dokter gestaaf word.

Die inligting wat u verskaf, word streng vertroulik hanteer. Baie dankie vir u vinnige reaksie in hierdie verband.

Risk Factor	Detail	Definition
Age	People 60 years and older with comorbidities	Aged 60 years or older with one or more disorders or conditions.
People of all ages with the following underlying medical conditions, particularly if not well controlled:		
Cardiovascular Disease	Moderate/ Severe Hypertension	Moderate hypertension: systolic BP 160-179mmHg and/or diastolic BP 100-109 mmHg. Severe hypertension: systolic BP ≥180 mmHg and/or diastolic BP ≥110 mmHg.
	Congestive cardiac failure or other serious cardiovascular disease	Confirmed clinical diagnosis of congestive cardiac failure or other serious cardiovascular disease
	Cerebrovascular disease, including stroke and transient ischaemic attack	Confirmed clinical diagnosis of cerebrovascular disease.
Respiratory Disease	Pulmonary Tuberculosis – untreated or in early treatment	People who have not completed the intensive phase or first two months of treatment in line with the National Department of

Risk Factor	Detail	Definition
		Health Standard Treatment Guidelines.
	Moderate to severe asthma	Asthma which requires treatment with high dose inhaled corticosteroids plus a second controller (and/or systemic corticosteroids) to prevent it from becoming 'uncontrolled' or which remains 'uncontrolled' despite this therapy.
	Chronic Obstructive Pulmonary Disease (COPD)	Confirmed clinical diagnosis of COPD
	Other severe chronic lung pathology, including cystic fibrosis and bronchiectasis	Confirmed clinical diagnosis – irrespective of severity.
Kidney Disease	Chronic Kidney Disease	eGFR < 45
Pregnancy	Third trimester pregnancy	Estimated to be further than week 27 of pregnancy
Immunosuppression	Poorly controlled type II Diabetes Mellitus	HBA1c ≥7.5% within last 6 months
	Cancer undergoing active treatment	Currently undergoing chemotherapy and/or radiotherapy
	Human Immunodeficiency Virus with advanced immunosuppression	HIV positive persons with CD4 count <200 cells/mm^3 who are ART-naïve or who initiated ART within last 3 months
	Chronic immunosuppressant use	Chronic use of ccorticosteroids of >20mg prednisone per day or equivalent, methotrexate, biologicals or other immunosuppressants.
	Transplant	On chronic immunosuppressants
Metabolic syndrome	Severe obesity	Body mass index (MBI) of 40 and higher

Ek vra om verskoning dat die tabel in Engels is. 'n Afrikaanse weergawe is nie beskikbaar nie.

UITDEEL VAN BOEKE EN HERSIENINGSWERK D.M.V. 'N "DRIVE THRU"

Die skool sal leerlinge se skryf- en handboeke gedurende die eerste paar dae bymekaar kry om d.m.v. 'n drive-thru die boeke aan ouers te gee. Alle nodige voorblaaie sal voorsien word sodat ouers boeke kan oortrek. 'n Hersieningspakkie gaan daarmee saam uitgegee word sodat ouers tot en met 15 Februarie met hul kinders kan begin hersiening doen. Die drive-thru vir graad R tot 3 sal Woensdag, 3 Februarie en vir graad 4 tot 7 Donderdag, 4 Februarie plaas tussen 12:00 en 13:00 plaasvind.

Mnr. Grundling sal weer vroeg volgende week 'n kaart vir ouers beskikbaar stel om optelpunte aan te dui vir die onderskeie grade. Die onderwysers sal 'n verduidelikingsbrief in die pakkie insluit sodat ouers presies weet wat van hulle verwag word.

GRAAD R EN 1 SE ORIëNTERINGSDAE

Graad R- en 1-leerlinge sal nie meer 'n "Oriënteringsdag" kan hou nie. Alle leerlinge sal in die onderskeie groepe op 15 en 16 Februarie by die skool aanmeld.

ONS PLAN VIR DIE TERUGKEER VAN LEERLINGE
Die skool gaan weer op 'n 10-dag siklus funksioneer vir al die grade **(behalwe graad 7)**, waar groepe op alternatiewe dae skool toe kom. Dit sal lei tot 'n eweredige verspreiding van kontaktyd en sal ook verseker dat sosiale distansiëring gehandhaaf kan word, aangesien daar nie meer as 50% leerlinge per klas sal wees nie. Elke leerling sal sy eie bank met 1,5 meter tussen die leerlinge in lokale kan hê.

Die klas word in twee verdeel. Groep A kom Maandag skool toe, terwyl groep B tuis bly.
Dinsdag kom groep B skool toe, terwyl groep A weer tuis bly.

Vir die dae waarop die spesifieke groep nie skool toe kom nie, sal daar tuisstudie-opdragte gegee word, sodat die beskikbare tyd maksimaal benut kan word en alle akademiese werk gehanteer kan word.

Bestudeer die onderstaande tabel om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

Datum	Dag	Groep	Rooster gevolg
2021/02/15	Maandag	A	Volg Maandag se rooster
2021/02/16	Dinsdag	B	Volg Maandag se rooster
2021/02/17	Woensdag	A	Volg Dinsdag se rooster
2021/02/18	Donderdag	B	Volg Dinsdag se rooster
2021/02/19	Vrydag	A	**Volg Vrydag se rooster**
2021/02/22	Maandag	B	Volg Woensdag se rooster
2021/02/23	Dinsdag	A	Volg Woensdag se rooster
2021/02/24	Woensdag	B	Volg Donderdag se rooster
2021/02/25	Donderdag	A	Volg Donderdag se rooster
2021/02/26	Vrydag	B	Volg Vrydag se rooster

KLASINDELINGS EN GROEPE
Die lys met die klasindelings en die verdeling in groepe word ook vandag op D6 geplaas. Ek wil u verseker dat daar baie tyd gespandeer is om elke kind volgens hulle behoeftes en geaardheid, die klasopvoeder en die maats in die klas, in die klasse in te deel. Geen leerling is lukraak ingedeel nie, daarom versoek ons u vriendelik om ons nie te nader vir aanpassings nie, tensy dit uiters noodsaaklik is.

Maak asseblief seker dat al u kinders in dieselfde groepe geplaas is, sodat hulle dieselfde dag skool toe kom. Indien dit nie so is nie, moet u die skool so gou as moontlik kontak sodat ons die aanpassings kan maak.

NASORG
Die nasorg sal vanaf Maandag 8 Februarie 2021 weer oop wees. Ouers wat belangstel moet Mev. Laas so spoedig moontlik kontak om vorms aan te vra. Die vorms moet dan so spoedig moontlik voltooi word en na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.

Voldagnasorg sal weer as ‘n opsie aangebied word onder by die klubhuis. Afhangende van die belangstelling mag die voldag grondslagfase nasorg moontlik bo by die skool gehou word en die intersen by die klubhuis. Skoolnasorg sal steeds beskikbaar wees by die skool en die grondslagfase en intersen leerlinge sal geskei word.

Op die dae wat leerlinge nie formeel klasonderrig kry nie, is hulle van **07:15 tot 17:30** by die nasorg wat by ons klubhuis by ons sportvelde by Geraldstraat aangebied word.

Daar is sekere bepalings vir die voldagnasorg:

- Net ‘n beperkte getal nasorgleerlinge kan die voldag nasorg bywoon, om 1,5m distansiëring te verseker.
- Sifting sal soggens by die nasorgklasse gedoen word. Elke leerling moet dus sy voltooide siftingsvorm saambring om toegang tot die klubhuis te verkry.
- Leerlinge bring hul skooltasse saam om te werk aan die huiswerk wat hulle die vorige dag ontvang het.
- Pak asseblief genoeg eet- en drinkgoed in, want dit is ‘n lang dag.
- Die leerlinge kom in gewone klere skool toe.

Die geen-verdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van dissipline en die navolg van COVID-19-prosedures, asook die gedragskode van die skool is ten volle van toepassing by die nasorg.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021

Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL		
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R200
2	R310
3	R450

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2021 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021 ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en **voor of op 29 Februarie 2021**, vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoek dokumente moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees. Aansoeke moet ge-e-pos word na fin@lnpark.co.za.

Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
'n Gebed is nie soos 'n "SPAARWIEL" wat 'n mens slegs gebruik wanneer jy in die moeilikheid is nie; dit is jou "STUURWIEL" wat jou deur jou lewe lei en jou stuur op die regte pad.
Skrywer onbekend

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE NUWE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**
Ma – 15 Februarie : Skool heropen om **07:45**